
VREEMDE
VROU
IN DIE
WILDERNIS
MEIRING FOUCHÉ

# VREEMDE VROU IN DIE WILDERNIS

*deur*

**MEIRING FOUCHE**

*Uitgegee deur:*

SKATKIS BOEKE - UITGEWERS

Strand Mews Strand

2021

# Vreemde Vrou in die Wildernis

Voorbladskets is die oorspronklike voorblad van die eerste uitgawe. Hierdie e-boek is die eerste uitgawe (aangepaste weergawe).

Kopiereg op hierdie verhaal is voorbehou en dit mag nie in die geheel of gedeeltelik herdruk word of versprei word, sonder die nodige skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Herdruk sluit in geen vorm van elektroniese of meganiese vorm, bv. deur middel van e-boeke, fotokopiëring, skryf, bandopname of deur enige ander manier vir inligtingsbewaring of ontsluiting. Al die karakters en gebeure in hierdie verhaal is denkbeeldig en het geen betrekking op enige persone, lewendig of dood nie.

**VREEMDE VROU IN DIE WILDERNIS**
deur Meiring Fouche

ISBN 978-1-928498-55-1

Uitgegee deur:
Skatkis-Uitgewers, Strand Mews, Strand 7140
Suid-Afrika

Kopiereg @ Pieter Haasbroek (2021)
Geredigeer deur Pieter Haasbroek
Aanlyn winkel: https://panther-ebooks.com
Webwerf: http://www.softcoverbooks.co.za

## OPSOMMING

Ryk Schoonraad, flukse jong boer aan die voorpos van die beskawing, is verbaas om in die veld ’n verskrikte handperd te kry, belaai met die besittings van ’n vrou. Maar teen daardie tyd het sy groot avontuur reeds begin. Hierdie nuwe gebeurtenis maak die wêreld vir hom net nog moeiliker, maar dit bring darem ook iets nuuts in sy opwindende lewe hier in die onbeskaafde wildernis van die voorgrens. Die blote feit dat hy boonop ook nog ’n uiters kosbare vonds op sy plaas ontdek, maak sake vir hom glad nie makliker nie. Hy het sy hande behoorlik vol om aan die lewe te bly en reg en geregtigheid te laat seëvier.

# UITTREKSEL

Ryk kyk een maal daarna op na die glinsterende loop, na die seningrige hand wat stadig om die kolf en om die sneller sluit. Toe kyk hy af en in sy stil hand sien hy die geel tonteldoos glinster. Hy voel al die vlam van pyn wanneer die koeël hom tref. Hy voel al hoedat die vergetelheid, die ewige vergetelheid, om hom toeslaan. ’n Oomblik besef hy die lyding van Roelien as sy daar onder moet sterf.

Sy aksie is meer die reaksie van vrees as iets anders. Tog is dit ook ’n daad van moed, van die begeerte om te leef en om nie te sterf aan die hand van ’n skurk nie. Dit is ’n vlugtige, besliste daad en dit is so snel soos die pik van ’n slang. Hy gooi die tonteldoos hard en sekuur sodat dit Joos Vermeulen vol in die gesig tref. Terselfdertyd wend hy sy laaste krag aan en slinger sy liggaam vorentoe sodat Joos Vermeulen sy pistoolskoot duime oor hom heen vlieg, die koeël teen die rots vasslaan en toe venynig weg sing oor die afgrond.

Die tonteldoos se aanslag het Joos Vermeulen ’n fraksie van ’n sekonde van stryk gebring, sy oë laat toe ruk van pyn, hom sy ewewig effens laat verloor en voordat hy kan herstel, het Ryk se kragtige arms om sy middellyf gesluit. Ryk slinger hom teen die rots aan en voordat hy nog die pistool kan lig, spring die lang man vorentoe en trap Vermeulen se hand wat die pistool vashou, op die grond vas.

# INHOUD

**Hoofstuk**

1. Belofte van Rykdom

2. Klere van ’n Vrou

3. Verrassing in ’n Boom

4. Boodskap in die Nag

5. ’n Uitdaging

6. Nog ’n Ramp

7. Op die Oorlogspad

8. ’n Dooie Boesman

9. ’n Wanhoopskreet

10. Drama op die Berg

# VREEMDE VROU IN DIE WILDERNIS

## Hoofstuk 1
## Belofte van Rykdom

Vanoggend is dit die ene vrolikheid in die kroeg van die klein hotelletjie op Driekoppies in die Baanbrekerswêreld van Noordoos-Kaapland waar die sonbesies vroeg al hul knersende lied in die toppe van die kameelbome sing. ’n Warm dag. ’n Veeleisende dag. Net die dag vir bier.

Daar staan ’n tros manne voor die kort drinkbank van die hotelletjie. Babbelende, laggende, opgewonde manne, met die koppe vooruit, die ene belangstelling.

Daar is een wat kop en skouers bo die res uitstaan ’n man met twee skouers byna so breed soos die skamel van ’n wa, en twee smal heupe. Hy het ’n donker kop en sy blou oë vonkel lewendig. Hy is die middelpunt van alles. Nie net ter wille van homself nie, maar ook ter wille van wat hy mee te deel het.

“Wat het jy op Kimberley gehoor, Ryk?” vra een van die ooms die ene belangstelling.

Ryk Schoonraad, die lang man met die groot, lenige hande kyk hulle deur. Almal bekendes. Vrolike, geharde, moedige baanbrekers. Hy sien hul oë vonkel van afwagting. Hy kyk van die een na die ander. Vanaf oom Snaar Gerrits, die klein skraal mannetjie met die waterige ogies tot by Cor Bastiaanse, die groot rawe, opgeruimde voorman van die beesplaas Driehoek.

Ryk Schoonraad ken al hierdie manne. Saam met hulle beleef hy soet en suur hier aan die voorgrens. Saam met hulle werk hy hard en trotseer hy gevare. Net soos hulle,

moet hy ook dag en nag waak teen aanvalle van leeus, luiperds, wilde honde en ander wilde diere. Net soos hulle moet hy al die krulle en grille van hierdie dele trotseer. Omdat hulle maar min is, ken hulle mekaar almal, help hulle mekaar wanneer dit nodig is, staan hulle saam wanneer ’n leeu te manhaftig word of wanneer die wildehonde te veel skade doen. Tog kyk die voorgrensman nou baie aandagtig na hulle almal. Hy kyk hulle een vir een deur en hy wonder of hy die aankondiging moet doen wat hy so graag wil doen.

Sou hy hulle almal kan vertrou? Sou hulle waarlik almal sy vriende wees? Of is dit net moontlik dat daar onder hulle een is wat hom kan beskadig? ’n Mens is ’n mens. Dit het Ryk al geleer en soms wanneer jy dit die minste verwag dan kan ’n man jou in die rug steek.

Hierdie nuus wat hy met hom saamgebring het, is nie gewone nuus nie. Dit is iets heel besonders, iets buitengewoons, iets wat vir hulle almal van belang sal wees. Die voorgrensboere is goeie mense maar hulle is ook ruwe mense. En as daar iets te bekom is, dan laat hulle nie op hulle wag nie. Wanneer die natuur iets uit te lewer het, dan raak die meeste mense roekeloos, dit het Ryk al agtergekom.

En tog, toe hy hulle almal deurgekyk het, weet die lang donker man dat hy hierdie geheim nie vir hulle sal kan verberg nie. Weet hy dat hy dit aan hulle wil bekend maak, want hy vertrou hulle. Hy vertrou hulle deur die bank.

“Kêrels,” sê Ryk Schoonraad derhalwe, grappig maar ook met ’n sweem van erns in sy oë, “ek is ryk.”

Eers lyk dit asof hulle stom geslaan is. Nie een verroer hom nie en nie een sê ’n woord nie. Hulle staar net aandagtig en in klaarblyklike verstarring na Ryk Schoonraad asof die betekenis van sy woorde vir hulle almal te veel is.

“Ryk, jy is ryk,” piep oom Snaar Gerrits en die spul gaan aan die lag.

Meteens verernstig Ryk Schoonraad se aantreklike bruin gesig. “Ek was toe Kimberley toe,” sê hy. “En na wat hulle my daar vertel, lyk dit my asof ek iets beet het.” Hy trek ’n velsakkie uit sy broeksak, maak dit oop en skud die inhoud op die drinkbank uit. ’n Paar klippies kletter op die hout van die drinkbank. Pragtige, halfdeurskynende ligblou stene.

“Hulle sê, kêrels,” vertel Ryk Schoonraad, “dat ek topaas beet het.”

“Ek het jou mos gesê,” breek Cor Bastiaanse in. “Voordat jy Kimberley toe is, het ek jou gesê jy het iets beet in daardie myntjie van jou. Jy wou my mos nie glo nie.”

Cor slaan vir Ryk tussen die skouers sodat hy proes van die bier waaraan hy drink.

“Dit is reg,” sê Ryk. “Jy het daar meer van geweet as ek, Cor. Maar ek wou darem net gaan seker maak wat dit is. Hulle sê dit is ’n goeie klip. Hy is taamlik geld werd. Nie naasteby soveel soos diamante nie, maar nogtans ’n goeie klip.”

“Gaan jy hom grou?” vra oom Snaar Gerrits en druk met sy lyfie deur die manne sodat hy nader aan Ryk kan kom.

“Ja, oom, ek gaan hom woel. As ek ’n bietjie geld kan maak uit hierdie klip, waarom nie? My grondjie is nie

groot nie. Ek wil graag nog ’n stuk bykoop. Dalk sal hierdie klippies my help om daardie ideaal te verwesenlik.”

“Jy gaan ’n ryk man word, Ryk,” sê Cor Bastiaanse. “Ek weet wat ek praat. Daardie topaas is geld werd.”

“Jy ken hom, Cor?” vra Ryk. “Jy ken hierdie klippies?”

“Ou seun,” sê Cor gemoedelik, “ek is ouer as twaalf. Ek het al baie klippies in my lewe gesien.”

Ryk kyk aandagtig na Cor. Cor is nog ’n betreklike nuweling hier in die omgewing van Driekoppies. Hy is eintlik ’n Transvaler. Maar in sy oë kan ’n mens sien dat die lewe hom al baie geleer het. Dat hy ’n man is met ondervinding. Hy bestuur die beesplaas Driehoek so perfek as wat ’n mens dit maar kan verwag. Die eienaar van Driehoek woon in die verre Kaapstad, en sover Ryk weet, was hy nog nooit op Driehoek nie.

Ryk vind dit enigsins vreemd dat die eienaar van Driehoek nog nooit sy verskyning in hierdie geweste gemaak het nie. Driehoek is ’n groot en goeie plaas, maar nog nooit het een van hulle, so ver Ryk weet, die eer gehad om die eienaar van die plek te sien of selfs veel van hom te hoor nie. Hy het al so ver langs met Cor Bastiaanse daaroor gepraat. Hom self al ’n bietjie uitgevra, maar Cor lyk danig geheimsinnig oor wie nou presies die eienaar van Driehoek is.

Ryk het rede om belang te stel in die besitter van Driehoek. Daar is ’n punt veld wat aan sy eie grond grens wat hy baie graag wil besit. Hy het dit al baie bekyk en dit is ’n kosbare stuk veld. Dit lyk asof die stuk bedoel is om ’n deel van sy grond te wees en hy het al gedink om

hierdie grond aan te koop om sy eie boerdery uit te brei. Maar elke keer wanneer hy met Cor praat oor sy baas, is Cor vaag en ontwykend, ’n verskynsel wat vir Ryk danig vreemd voorkom.

Ryk het vir Cor al goed leer ken, want hulle is bure. Hoewel die opstalle ver uitmekaar geleë is, bly hulle nogtans bure omdat Ryk se grondjie aan die noordelike punt van Driehoek grens.

“Jy moes my ook gesê het, Cor,” sê Ryk, “dat hierdie klippies baie werd is, dan het dit my dalk ’n rit na Kimberley gespaar.”

“Nee wat,” antwoord Cor en wink die kroegman nader, “ek wou nie my neus in jou sake steek nie, ou buurman. Ek het gemeen jy moet maar self uitvind wat wat is met hierdie blou klippies. Nou weet jy. Hulle kan vir jou ’n fortuin beteken.”

Oom Snaar Gerrits steek sy maer bewende vingertjie na Ryk uit. “Nou kyk hier,” sê hy, “ek sal vir jou die klippies kom grou.”

Ryk kyk laggend na die ou man met sy kleinerige ogies en sy vriendelike gesig. Oom Snaar is in hierdie voorwêreld deur die noodlot geknak. ’n Paar maal al het hy alles verloor sodat hy maar na Driekoppies verhuis het, waar hy op sy eentjie in ’n sinkgeboutjie woon en hier en daar ’n werkie doen wat voorkom.

“Ek is ’n gebore mynwerker,” sê oom Snaar. “Op Kemmerkie het ek diamante gegrawe. Ek sal jou hele myn vir jou uitlê, neef Ryk.”

“Nou goed, oom Snaar,” sê Ryk. “Dan maak ons so, oom. Oom kan kom begin net wanneer oom wil. Maar geld

moet oom aan die begin nie verwag nie, want die het ek nie. Ek sal oom kos en klere gee dis ál wat ek nou kan bekostig."

"Nee, maar dit is in die haak, neef Ryk," sê oom Snaar. "Wat wil ek nou met geld maak?" sê die ou en ruil sy pruimpie 'n slag om. "Kos en klere en vars lug is genoeg vir my. Ek sal hom vir jou drywe, Ryk. Ek sal hierdie blou klippies grou dat die stof so staan."

Cor Bastiaanse bestel 'n ronde drankies vir almal. Toe hul glase gevul is vat hy sy glas in sy groot vuis, lig dit omhoog. "Ons drink op Ryk Schoonraad," sê hy. "En op die blou klippies."

Hulle herhaal die woorde in 'n koor en doop Ryk Schoonraad se aanstaande mynbedrywighede daar op die plek.

Hulle kom drom hier om Ryk saam en hul oë is die ene geesdrif en ywer. Hulle praat opgewonde en hulle klink glase met Ryk. Hulle doen dit nie net omdat hy vir hulle belangrike nuus gebring het nie, maar ook omdat hulle van Ryk hou. Hierdie lang donker man met sy blou oë en sy kragtige skouers is reeds 'n instelling in hierdie geweste. Hier aan die hele voorgrens is daar seker niemand wat nie weet van Ryk Schoonraad nie. En in die harte van hierdie manne het Ryk 'n warm plekkie ingeneem. Hulle ken hom as dapper, hulpvaardig, vreesloos en regverdig.

Wanneer daar jag gemaak word op 'n leeu of wanneer 'n spul wildehonde moet vasgekeer word, dan is Ryk altyd op die voorpunt. Wanneer 'n klomp vyandige Boesmans op hul plek gesit moet word, dan dra Ryk Schoonraad

altyd die vaandel van die voorgrensbore. En wanneer een van hulle seerkry of siek word, dan is hy die man wat alles organiseer wat myle afjaag om medisyne te gaan haal of iemand te gaan haal wat die sieke moet kom verpleeg. Hy is altyd opgeruimd en welgemoed, daarom dan ook dat hulle nou so geesdriftig om hom saamdrom, hom agter die skouers klop, hand skud en vrolik gelukwens.

En Ryk, hy is dankbaar daaroor, want hy hou van hierdie mense. Hy het hulle lief. Hy en hulle leef saam. Al die verknorsing maar ook al die vreugde van die voorgrens beleef hulle saam. Hy voel ’n bietjie weemoedig toe hulle almal saam die glase lig om hom geluk te wens.

“Kêrels, ek moet ry,” sê Cor toe hulle klaar is. “Ek het ’n allemintige klomp tollies wat ek moet gaan brand.”

Hy groet hulle almal, stap uit en gaan klim op sy bruin bles en ry weg.

Die ander gesels ook nog ’n rukkie. Toe begin hulle ook stadig uitmekaar gaan. Die magiese oomblik is verby. Die nuus waarop hulle so lank gewag het, is bekend. Ryk Schoonraad het kosbare klippies op sy plaas ontdek. Vir Driekoppies kan dit baie werd wees, en hulle is almal opgewonde oor die vooruitsig.

“Nou ja, kêrels,” sê Ryk, “nou weet julle. Ek wil ry. Ek is al byna drie weke van die huis af. Ek wil gaan kyk hoe lyk dit daar. Hy stap uit stadig met ’n byna swewende beweging soos ’n jagluiperd wat iets bekruip. Maar in daardie lenigheid skuil daar ook ’n groot krag, ’n doelgerigtheid soos ’n mens selde teëkom.

Onder die klein sinkveranda haal oom Snaar hom in. “Is dit nou afgepraat, neef Ryk, dat ek vir jou kom grou?”

“Dit is afgepraat, oom Snaar,” sê Ryk. “Kom net wanneer oom kan. Ek het genoeg pikke en grawe. Kry vir oom ’n perdjie iewers en kom uit net sodra oom kan. Ek is bly dat oom wil kom, want ek het nie tyd om klippies te grawe nie. Ek moet na my boerdery kyk.”

“Dan maak ons so, neef,” sê oom Snaar.

En toe Ryk na hom afkyk, sien hy iets in die klein ogies wat hom waarsku. ’n Uitdrukking so onduidelik en tog ook so onmiskenbaar. Hy draai na sy groot hings wat aan die halterpaal voor die hotelletjie vasstaan. Hy het skaars twee treë geloop toe oom Snaar Gerrits se stem hom tot stilstand bring.

“Neef Ryk,” sê oom Snaar. “Daar is ’n ietsie wat ek in jou oor wil fluister, neef.”

“Ja, oom Snaar?” vra Ryk en daar is meteens ’n frons tussen sy oë.

Oom Snaar kyk steels rond om te sien of daar nie dalk iemand is wat kan hoor nie. Toe staan hy nader aan die groot man en met sy klein handjie langs sy mond gebak fluister hy. “Nee, neef, ek wou jou maar net sê... Nou maar net as’t ware waarsku... dat Mertel hier rond is.”

“Mertel Duvenage?” vra Ryk en sy hande sluit tot vuiste.

“Ja, neef; nie so hard praat nie. Mertel Duvenage die skurk nou die aand hier gesuip tot wie weet watter tyd toe. Hy en ’n paar handlangers.”

“O, so,” sê Ryk en sy liggaam word om die beurt warm en koud. “Wanneer was hy hier, oom Snaar?”

“Laat ek nou sien,” sê oom Snaar. “Laat ek nou sien ag, neef, seker so drie aande gelede was hy hier. Weer hier geskiet en geneuk en geswets en gesuip soos altyd en bors

uitgestoot... Gesê hy soek vir Ryk Schoonraad om sy vel af te slag en dit hier oor die toonbank te kom gooi. Dis wat Mertel gesê het, neef."

Ryk Schoonraad lag kortaf maar daar is geen vreugde in sy lag nie. Dit is eerder 'n senuweeagtige lag. "Dankie, oom. Dankie dat oom my gesê het. Ek sien oom dan, nie waar nie?" "Jy sal my sien, neef," sê oom Snaar toe Ryk met 'n vinnige swaai in die saal klim.

Hy ruk sy hings, Held, so vinnig weg dat die groot dier stof in oom Snaar se oë skop. Ryk ry driftig in die een straat van Driekoppies af. Hy vat die oop veld op 'n jaaggalop want sy plek lê wyd en nou voel hy onstuimig, agterdogtig, half beangs.

Want as daar een man in die wêreld is wat rede het om hom te haat, dan is dit Mertel Duvenage, die swart, korterige gesette skurk van hierdie deel van die wêreld. Hy wat Ryk is, het Mertel al dikwels die loef afgesteek. Op 'n keer het hy Mertel al met 'n mes in die skouer gegooi. Dit het die driftige, opstandige Mertel Duvenage nog nooit vergeet nie. En Mertel het al gesweer dat hy Ryk Schoonraad sal uitroei as hy die kans kry.

Vandaar dat die lang voorgrensboer die yslike hings so meedoënloos deur die oop veld dryf dat sy groot hond, Napoleon, moet uithaal om by te bly.

Op Horison het Ryk Schoonraad al baie gewerk. Hy is 'n fluks en vooruitstrewende man. Hy beur steeds vooruit. Hy is heeltemal alleen hier, behalwe vir sy Betsjoeana, ou Andries sy regterhand, sy kok, sy hulp met die boerdery, sy tuinmaker alles. En wanneer hy weg is van Horison af, dan moet ou Andries alles raakvat.

Terwyl hy oor die groot oop vlaktes ry, versink Ryk Schoonraad in aangename mymering. Soms kan hy nog nie mooi glo dat hy blykbaar op ’n fortuin afgekom hei nie. Dan is dit vir hom soos ’n droom. En eers wanneer hy die sakkie met die ligblou klippies uithaal en hulle weer in sy handpalm oopsprei, besef hy dat dit nie ’n droom is nie maar werklikheid.

Hy het so heel toevallig op die plek afgekom waar die klippies deur al die eeue verborge gebly het. Toe hy hulle die eerste dag raakgeloop het, het hy nie mooi geweet wat hulle beteken nie, maar hy het instinktief besef dat hier iets waardevols is, iets besonders, iets wat hy aan die lig moet bring.

Hy het hulle stilletjies uitgegrawe, hulle in ’n velsakkie gesteek en die lang reis na Kimberley onderneem waar ’n man met kennis van hierdie dinge verbaas na hom opgekyk het toe hy die klippies voor hom op die tafel uitgeskud het.

“Waar kry jy hierdie, meneer,” het die geleerde man gevra. “Op my plaas aan die voorgrens,” het Ryk geantwoord. “Beteken hulle iets?”

Die man het aan die lag gegaan. “Of hulle iets beteken? My liewe man, jy het hier ’n fortuin beet. Is daar baie van hulle?” “Daar is baie,” het Ryk geantwoord. “Sommer baie.” “Dan hoef jy vir die res van jou lewe nooit weer te werk nie. Dit wil sê as jy fluks genoeg is om hulle uit te grawe.”

So het dit gekom dat hy besef het dat hy ’n fortuin op Horison ontdek het. En snaaks, nou dat hy dit het, weet hy nie eintlik wat om daarmee te doen nie. Hy het net een

ideaal, en dit is om die stuk van Driehoek by te koop. Hy was nog nooit in staat om dit te doen nie omdat hy daarvoor nog nooit die geld gehad het nie. Maar nou sal hy die geld hê, en as hy nie daardie stuk van Driehoek kan aankoop nie, kan hy altyd by die staat aansoek doen om aan hom nog ’n stuk staatsgrond af te staan sodat hy Horison kan verdubbel. En dan wil hy nog beeste koop. Sommer ’n paar honderd as hy kan. Sy boerderytjie was nog altyd te klein en die roofdiere doen hom soveel skade aan dat hy dit bitter moeilik vind om by te bly.

Maar nou, hier waar hy ry, weet hy dat dit alles verander is. Dat sy ideaal nou verwesenlik sal kan word, dat hy nog grond en nog beeste sal kan by kry en dat hy nou op sy voete sal kom. Dit vul Ryk Schoonraad met groot vreugde en ’n pragtige vooruitsig. Hy is nederig dankbaar dat die noodlot dit so beskik het dat hierdie fortuin aan hom gegee sou word. Hy sal dit goed gebruik en hy sal dit nie verkwis nie.

Toe die ruiter, lank nadat hy van Driekoppies af weg is, tussen die vaalbos, die haakdoring en die kameelboom uitkom, ruk hy vir Held so vinnig tot stilstand dat die hings byna gaan sit. Die dier snork ongeduldig oor hierdie skielike inhou.

Ryk Schoonraad staar verwese voor hom uit. Waar sy netjiese baksteenhuis gestaan het met sy deeglike grasdak, is daar nou net ’n swart murasie.

Die gewels is pikswart gevlek deur die brand.

’n Oomblik verbeel hy hom dat hy droom. Dit kan nie wees nie. Toe hy hier weg is, het sy huis ongeskonde gestaan, was sy plaas in goeie orde.

Maar hier voor hom sien hy nou net die swartgebrande murasie. Die ingevalle dak, die swart gate waar deur en venster was.
En terwyl hy daarna kyk, styg een naam in sy binneste op Mertel Duvenage.
Met ’n groot woede en met diepe verbittering ry Ryk Schoonraad oor die stil verlate werf nader om die volle slag te ontvang van dit wat hom hier ontneem is.
Ryk Schoonraad is aanvanklik so verstom deur wat hy sien dat hy feitlik in die saal versteen. Hy bly lank roerloos so sit voordat hy kan aanneem dat wat hy daar sien, die waarheid is en nie net ’n aaklige droom nie. Hy ry stadig die werf op en hy kyk om hom heen. Hy soek na ’n teken van lewe, maar hy gewaar niks. Hy is terselfdertyd ook op sy hoede. Hy weet dat as dit Mertel Duvenage is wat hiervoor verantwoordelik is, die skurk nie daarmee tevrede sal wees om sy huis af te brand nie. Mertel sal ook sy lewe soek.
Daarom word die skok in Ryk onmiddellik vervang deur die uiterste waaksaamheid. Hy kyk tussen die bome rond wat sy werf omring, hy kyk na die uitgebrande murasie, hy kyk in die rigting van die kraal, maar hy gewaar niks. Selfs nie ’n blaar roer hier in die stilte nie. Alles lyk so doods en roerloos. Ryk swerf oor sy werf rond en hy probeer verstaan hoe dit kon gebeur het. Hoe kan enige man so iets aan hom doen en verwag dat hy skotvry daarvan sal afkom?
’n Geweldige teleurstelling neem van hom besit. Daar is ’n leë, hol gevoel in sy binneste. Hy het so hard gewerk

om dit alles op te bou en nou is dit vernietig. Nou moet hy hier op Horison weer van voor af begin.
Hy ry eindelik met sy perd tot vlak voor sy stoep en klim daar af. Hy trek die pistool uit die sak en hou dit stewig in sy regtervuis vas. As iemand nou sy verskyning maak, sal hy nie twee tel voordat hy skiet nie.

# Hoofstuk 2
## Klere van ’n Vrou

Ryk Schoonraad aanskou die volkome vernietiging op sy plaas Horison met verbystering, met leed, maar ook met ’n groot woede. Sy huis se dak het afgebrand en het ingetuimel. Die deure en vensters is uitgebrand. Die een gewel het half ingestort. Sy meubels is vernietig. Veel het hy nie gehad nie, maar wat hy gehad het, was vir hom baie kosbaar. Daaronder was ’n paar pragtige ou erfstukke ’n riempiemat-bank van stinkhout, wat nog aan sy oorlede vader behoort het. ’n Stelletjie stinkhoutstoele met riempiematte. ’n Ou stinkhouttafel wat nog aan sy grootvader behoort het. ’n Linnekas wat eens sy moeder se trotse besitting was. Dit alles is tot houtskool verbrand.

Kopskuddend draai hy weg van die huis af. Die windas op die huis put is in die put afgeslinger. Die netjiese houtkraal wat hy van soetdoring en kameel gemaak het, is aan stukke gebreek. Sy bokwa, die netjiese rooiwiel-wa wat hy twee jaar gelede uit die Paarl bestel het, is ’n swart skelet. Skynbaar is onder die wa vuur gemaak. Bokbalke, buikplanke, skamel, disselboom, vellings, nawe alles, is verkool.

Ryk Schoonraad is kortasem nadat hy ’n opname gemaak het van alles wat hy verloor het.

Toe kyk hy verwese na die stroois van ou Andries. Hy begin vinnig daarheen stap, maar toe besef hy dat ook die stroois verdwyn het. Hy steek daar in die son vas en skreeu hard op Andries. Net so hard as wat hy kan. Maar sy stem vervlieg in die stilte en in die leegheid wat hom omgewe. Daar is geen antwoord van ou Andries nie.